higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N5

(Eerste Vraestel)

(4090315)

14 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–09:30

TOEBOEKEKSAMEN

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N5
(Eerste Vraestel)
TYD: ½ UUR
PUNTE: 50

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item/'n woord in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	LBS	A	die vermoë van 'n individu om die steun en optrede te verseker van mense om 'n gemeenskaplike doel te bereik
1.1.2	Dinkskrum	B	morele beginsels of 'n stel waardes wat deur individue of groepe gehuldig word
1.1.3	Delegering	C	die vlak van mededinging in dieselfde bedryf of onderneming
1.1.4	Proaktiwiteit	D	neem inisiatief
1.1.5	Etiek	E	lopende betaalstelsel
1.1.6	Diensbeëindiging	F	meet die verhouding tussen uitsette en insette
1.1.7	Marktoestand	G	werknemer se diens word beëindig deur regsproses
1.1.8	Leierskap	H	doen die regte ding
1.1.9	Bestuur	I	'n oefening waartydens lede van die groep hul kreatiewe vermoëns gebruik om met idees oor 'n bepaalde onderwerp vorendag te kom
1.1.10	Produktiwiteit	J	wanneer 'n senior persoon in 'n organisasie sy/haar gesag gebruik om 'n bevel aan 'n ondergeskikte te gee ten einde 'n taak te voltooi
		K	doen dinge reg

(10 × 2) (20)

1.2 Definieer elk van die volgende terme:

1.2.1 Seksuele teistering

1.2.2 Mededingers

1.2.3 Bestuur

1.2.4 Induksie

1.2.5 Prestasiebeoordeling

(5 × 2) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Goeie klantesorg word vinnig deur klante opgemerk en mondelinge aanbevelings is steeds een van die mees kragtige reklamemetodes.

1.3.2 Mense met vigs behoort nie geregtig te wees op dieselfde regte en geleenthede as mense met kanker nie.

1.3.3 Middelvlakbestuurders aanvaar volle verantwoordelikheid vir die onderneming.

1.3.4 Burokrasieë is alombekend vir hul beuselagtige reëls en regulasies.

1.3.5 Kollektiewe mag word sterk deur vakbonde gebruik.

(5 × 2) (10)

1.4 Noem die eerste DRIE stappe in die besluitnemingsproses. (3 × 2) (6)

1.5 Wat is die TWEE algemene voorraadbeheerstelsels? (2 × 2) (4)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou